

24 APRIL

SKRIFGEDEELTE: EKSODUS 22:16-31  
FOKUSGEDEELTE: EKSODUS 22:20; PSALM 40:4

**'n Lewende, heilige offer aan God**

Is u Allerhoogste eerste in u lewe?

“Iemand wat aan enige god, behalwe aan die Here offer, moet om die lewe gebring word.” Hierdie teks (Eks. 22:20) word in 'n bepaalde konteks gevind, naamlik Israel se ordereelings vir die samelewing. Die kernpunt is egter, wie word gedien: God of 'n afgod? Hulle was destyds baie streng: Indien iemand vir 'n afgod geoffer het, moes so 'n persoon sterf.

As jy 'n gelowige is, moet God eerste in jou lewe wees. Die offers wat jy bring, mag net aan God gewy word. Hier word nie van 'n spesifieke offer gepraat nie.

In die breë konteks van die Ou Testament wys alle offers na Jesus Christus (Heb. 10). Hy was die eenmalige offer vir God aan die kruis. Sy offer het versoening vir ons sondes gebring en die doel is duidelik, naamlik die eer van God.

In die konteks van die Nuwe Testament lees ons dat daar nie meer offers in die Ou-Testamentiese sin gebring word nie, maar dat jy as gelowige 'n lewende, heilige offer vir God moet wees, 'n offer wat vir Hom aanneemlik is. Dit is die wesentlike van ons godsdiens (Rom. 12:1). Dit kan alleen geskied as die Allerhoogste nommer een in jou lewe is. Dan sal jy 'n welbehaaglike offer wees (in Christus deur Sy Gees). Dan sal jy ook vrugte voortbring wat by die bekering pas (Gal. 5:22-23). Die tragiese is dat daar afgode gedien word soos die geld-, drank- of sportgod. Die gevolg is dat daar ook afgodsoffers gebring word.

Die konteks van die teks waarsku die Israeliete. Indien 'n offeraar 'n afgodsoffer gebring het, is hy doodgemaak. In vandag se konteks is daar ook vir ons 'n waarskuwing in die teks opgesluit, naamlik dat indien 'n offeraar afgode dien (offers bring) en hy daarin volhard, sal hy nie die koninkryk van God beërwe nie (Gal. 5:19-21).

*Ds Kobus Erasmus (Albertyn)*